

Hoërskool Reitz



✉ Posbus 404, Reitz, 9810 ☎ (058) 863 2701 📠 (086) 609 8870 📧 info@reitzhs.co.za

JAARVERSLAG

Mnr. JU Le Roux

2019

1. INLEIDING

Hoërskool Reitz se jaarlikse prysuitdelingsfunksie bly steeds 'n hoogtepunt op ons kalender!

Ons eer ons Hemelse Vader oor Sy hand van genade en seën oor ons skool en sy leerders en dank Hom in soveel gawes en suksesse gedurende 2019!

Aan elke ouer, onderwyser en persoon betrokke by ons leerders om hul te begelei na uitnemendheid, my opregte dank! Geniet en waardeer in nederigheid ons leerders se pragprestasies.

Dankie dat ons ook ons ouers kan vra om woorde van seën oor ons leerders te spreek en hul aan te moedig om steeds hul beste te lewer!

2. **LEERLINGE (SKOOLROL):** Ons het tans 385 leerlinge.

3. PERSONEEL

Ons het 26 onderwysers (11 beheerliggaamposte), 3 administratiewe personeellede (2 beheerliggaamposte), 1 terreinbestuurder en 5 skoonmakers (4 beheerliggaamposte). By die koshuis is daar 1 matrone en 4 werkers. Die volgende personeellede het vanjaar by ons aangesluit: Uys le Roux (skoolhoof) Una Aucamp, Corli Swart, Charissa Janse van Rensburg, Niël Neethling en Dricky Wessels.

Ons het afskeid geneem van mnr. Johan Broekman (koshuis) Shannon Howard-Browne, Werner en Chantel Prinsloo, Coreli van den Berg. Magda Venter (onderwyseres).

Personeel prestasies:

- Mnr. Uys Le Roux: Organiseerder VKB-Rugbyweek, Organiseerder ITEC- Rugbytoer na Italië
- Me. Ria Barnard: Matrieks - RTT nr. 1 in Vrystaat, 1ste in Thabo Mofutsanyana Distrik.
- Me. Riana Terblanche: Matrieks – Eksaminator en Senior Nasiener SACAI, Gasvryheidstudies Gr.12 Nasionale Senior Sertifikaat, 1ste in die Vrystaat en Thabo Mofutsanyana in Toerisme en Gasvryheidstudie, 1ste in Thabo Mofutsanyana.
- Me. Adri van Deventer: afrigter van die 0/14 en 0/15 netbalspan wat B-liga wenners was.
- Me. Jolene van Niekerk – Tennis Laerskool Oos-Vrystaat Voorsitter.
- Die volgende personeel was deel van die Reitz Senior Netbal liga-wenners: Adri van Deventer (Afrigter), Dené Muller, Corli Swart en Amelia Zitzke

Ons opregte dank en waardering aan al ons personeel vir pragtige werk gedurende die jaar gelewer.

4. BEHEERLIGGAAM

Baie dankie aan die beheerliggaam vir hul harde werk gedurende die jaar. Ons sluit elkeen se portefeulje in:

Francois Swanepoel	-	Voorsitter, Akademie
Kobus van Niekerk	-	Ondervoorsitter, Sport
Niel Marais	-	Finansies, Bemaking
Danie de Bruyn	-	Dissipline, Sportgronde
Pieter Peacock	-	Projekte (JoBerg2C, Mielieprojek ens)

Marius Strauss	-	Kultuur, IT
Jors Kriek	-	Landbou
Rudie Nel	-	Borge
Celeste vd Merwe	-	Koshuis, Klere
Gert van Tonder	-	Geboue, Terrein en Vervoer

5. **AKADEMIE**

6. **Matriekuitslae 2018**

Ons is baie trots op ons Gr.12 uitslae van 2018 – BAIE GELUK AAN DIE LEERLINGE, PERSONEEL EN OUERS!

Hoërskool Reitz het vir die 23ste agtereenvolgende jaar 100% slaagsyfer!!!!

34 Leerlinge het met Matriekvrystelling geslaag.

In totaal 26 A-simbole.

8 Onderskeidings: Corné Pretorius (Engels, Wisk, LO, LW, RTT, Fisiese Wetenskappe, Drama en Musiek)

2 Onderskeidings: Melissa Lange (LO, Toerisme)
Lumé Starke (LO, Toerisme)
Julius Wapenaar (LO, IGO)

1 Onderskeiding: Deané Bosman (LO)
Chané Botha (Toerisme)
Juané Bouwer (Toerisme)
Bianca Opperman (LO)
Alishia Potgieter (Toerisme)
Natalie Serapelo (Toerisme)
Natasha Steyn (Toerisme)
Leanné van Aswegen (RTT)
Jaq-Louis van der Merwe (LO)
Ockert van Deventer (Wisk G)
Adri van Dyk (Toerisme)
JC van Wyk (Wisk G)

Geluk aan al ons matrieks met die mooi uitslae.

7. **SPORT**

7.1 **Hoërskool Atletiek**

2019 was voorwaar 'n voortreflike jaar vir Hoërskool Reitz, op die atletiekbaan. Tydens die Riemlandbyeenkoms het ons atlete die volgende plekke behaal:

Tydens die Oos-Vrystaat-byeenkoms het die atlete die volgende prestasies behaal:

Eerste plekke: 27
Tweede plekke: 16
Derde plekke: 14

Ons S 0/19 en D 0/16 aflosspanne het ook albei eerste plekke behaal, tydens die Riemlandbyeenkoms.

Tydens die Thabo Mofutsanyana Byeenkoms het die volgende atlete onder die eerste drie plekke geëindig.

D 0/14: Megan Kruger (5000m stap – 3de; Hammergooi – 2de)
Johanné Neethling (300m Hekkies – 2de; 90m Hekkies – 2de)
Quiriane Charilaou (200m – 3de; 100m 3de)
Simoné Jonker (driesprong – 2de)
D 0/16: Aluschka Heymans (3000m – 2de; 5000m, stap – 1ste)
Wiroeske de Wet (spiesgooi – 3de; Hammergooi – 2de)
Carlize de Bruyn (100m – 1ste)

S 0/14: Tumelo Motsohi (Driesprong – 2de)
Itumeleng Monyatsi (3000m – 3de)

S 0/15: Luke Ellis (300m Hekkies – 2de)
Luan Strauss (Spiesgooi – 3de)

S 0/16: Henco Swanepoel (Diskus – 3de)

S 0/19: Professor Motholo (400m Hekkies – 1ste; 400m – 1ste)
Armant van Deventer (400m Hekkies – 3de)

Tydens die Multi Green atletiekbyeenkoms behaal die volgende atlete, goeie plekke:

S 0/19 Professor Motholo (400m Hekkies – 1ste)
Armant van Deventer (400m Hekkies – 3de)
D 0/16 Carlize de Bruyn (200 m – 4de en 100m – 4de)

Tydens die Vrystaat (ASA) kampioenskappe behal Aluschka Heymans 'n eerste plek in die 5000m stap vir D 0/16. Die volgende atlete is ook onder die eerste ses plekke:

S 0/19 Professor Motholo (400m Hekkies – 2de)
S 0/19: Bruwer Potgieter, AW Meintjies, Armant van Deventer en Professor Motholo 3de in 1000m Medley.
S 0/14: Simoné Jonker (Driesprong – 3de)
S 0/19: Armant van Deventer (400m Hekkies – 4de)
S 0/14: Luke Ellis (300m Hekkies – 4de)
S 0/14: Tumelo Motsohi (Driesprong – 4de)
D 0/15: Wiroeské de Wet (Hammergooi – 4de)
D 0/14 Johanné Neethling (300m Hekkies – 6de)
D 0/16: Aluschka Heymans (3000m 6de)

Aluschka Heymans word gekies vir die Vrystaatspan wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem het.

Daar kan beslis uitgesien word na die 2020 atletiekseisoen.

7.2.1 Laerskool Atletiek

Hierdie jaar was weereens 'n geslaagde seisoen waarin die atlete goed presteer het. Tydens die Riemlandbyeenkoms het die atlete goeie rekenskap van hulle talente getoon. Hulle behaal 16 eerste plekke, 11 tweede plekke en 16 derde plekke.

Vyf en Twintig (0/10 tot 0/13) word gekies vir die Riemlandspan, om aan die Oos-Vrystaat (Thabo Mofutsanyana) byeenkoms deel te neem. Tussen hulle was daar 33 items.

Sewe atlete is hierna opgeneem in die Oos-Vrystaat span wat in Sasolburg aan die Vrystaatbyeenkoms vir Laerskole deelgeneem het. Hulle is:

Suné Hills (Verspring en 70m Hekkies)
 Adriaan Bonthuys (Verspring, en 75m Hekkies en 150m Hekkies)
 Elouise Snyman (1500m Stap)
 Zita Coetzee (Gewigstoot)
 Jason Claassens (Gewigstoot)
 Gerhard Tesner (Hoogspring)
 Wihan Neethling (Verspring)

Tydens die Oos-Vrystaat (Thabo Mofutsanyana) byeenkoms het die volgende atlete, onder die eerste drie plekke geëindig in hul onderskeie items:

D 0/11: Suné Hills (verspring – 1ste met 'n rekord en 70m Hekkies - 2de)
 S 0/12: Adriaan Bonthuys (75m Hekkies – 2de, 150m Hekkies – 3de)
 D 0/10: Zita Coetzee (Gewigstoot – 3de)
 S 0/10: Jason Claassens (Gewigstoot – 3de)
 S 0/11: Gerhard Tesner (Hoogspring – 3de)
 S 0/11: Wihan Neethling (Verspring – 3de)

Tydens die Vrystaatbyeenkoms in Sasolburg het die volgende atlete puik presteer:

D 0/11: Suné Hills – Verspring 1ste (4,33 meter)
 S 0/12: Adriaan Bonthuys – 150 m Hekkies: 6de en Verspring 8ste
 Suné Hills word opgeneem in die Vrystaatspan, wat aan die Suid-Afrikaanse Byeenkoms deelgeneem het.

Daar kan met groot verwagting uitgesien word na die 2020 atletiekseisoen.

7.2.2 Hoërskool Netbal

Die Hoërskool Netbal het 'n besondere goeie jaar beleef. Ons neem deel aan 'n netbalkliniek te Buffelspoort. Die spelers kry individuele aandag wat elkeen van hul in staat stel om te ontwikkel en hul vaardighede te verbeter. Die volgende spanne gaan deur na die TBM B-liga Uitspeelrondtes en behaal die volgende prestasies.

0/19B: B-liga Wenners.

0/15: B-liga Wenners

0/14: B-liga Wenners

Die 0/159 span vorder dus na die Vrystaatdag waar hul uitspeel vir die B-liga. Hul wen in die Finaal teen Afrikaans Hoër Sasol en eindig dus as wenners van die Vrystaat B-liga. Ons is baie trots op hierdie span.

Die volgende spelers het aan die Thepa Trading-week te Hennenman deelgeneem:

0/19: Thenjiwe Radebe
Megan da Conceicao
Linellé Oberholzer
Johanri Naudé

Die volgende dogters neem ook deel aan die Vrystaatproewe:

0/19: Johanri Naudé
0/14: Johanné Neethling
Simoné Jonker
Zinathi Matsonyana

Zinathi Matsonyana is gekies vir die Vrystaatspan wat aan die All Ages (SA's) Toernooi gaan deelneem het. Voorwaar 'n mooi prestasie!

Ons opregte dank aan elke afrigter vir al jul moeite, opoffering en geduld met ons dogters. Baie dankie aan al ons ouers vir jul positiewe ondersteuning gedurende die netbalseisoen. Dankie ook vir elke borg wat 'n bydrae gelewer het. Ons sien uit na 'n belowende 2020.

7.2.3 Laerskool Netbal

Die Laerskool netbal het reeds vroeg in die seisoen afgeskop. In Maart het ons 'n baie suksesvolle Sportdag aangebied met verskeie skole wat die dag baie geniet het. Die 0/10 – 0/13 netbaldogters het 'n netbalkurus bygewoon by Jordania. Die kursusleier was Dorette Badenhorst. Ons het baie nuwe vaardighede en verskillende oefeninge aangeleer wat bygedra het tot 'n opwindende netbalseisoen vol uitdagings. Behalwe baie oefen en leer het ons ook baie pret gehad en lekker speletjies gespeel, geswem en nog vele meer.

Ons het ses 0/12 en twee 0/13 dogters gehad wat aan die TBM netbalproewe deelneem het. Megan Haward, Esuané Oosthuizen, Lerato Mokoena, Akhona Mabe, Noeline Matthee, Zanelle Dorfling, Luné van den Berg, Carina Swart.

Akhona Mabe en Lerato Mosia het aan die Vrystaat proewe deelgeneem in Bloemfontein waar Lerato Mosia gekies is vir die Vrystaat span. Ons is voorwaar trotse Reitzers!

Baie dankie aan al die afrigters en skeidsregters wat hierdie seisoen 'n groot sukses gemaak het. Dankie vir julle harde werk en bereidwilligheid om ekstra tyd op te offer. Baie dankie vir al die borge en ouers se ondersteuning en dat julle so positief is teenoor Hoërskool Reitz. Almal het saamgewerk en 'n groot sukses van die seisoen gemaak. Ons sien uit daarna om volgende jaar weer saam met julle te werk.

7.2.4 Mini-Netbal

Die Mini-Netbal oefeninge het sommer vroeg in die jaar afgeskop, terwyl ander kinders nog op die atletiekbaan was, het die balle gebons, en het die dogters gehuppel, gespring en gestrek.

Tydens die jaarlikse Biëlle Mieliefees het die Mini-Netbal 'n heerlike toernooi saam met gaskole gespeel. Die 0/8 en 0/9 spelers het pragtige netbal gespeel en hul baie goed van hul taak gekwyd.

Dit was 'n voorreg om op 2 Maart ons eie Wintersportdag te kon aanbied. Baie skole het deelgeneem.

Die Mini-Netbal het aan die volgende toernooie deelgeneem:

- 15 April – Truida Kestell
- 29 April – Truida Kestell
- 6 Mei – Wilgerivier
- 13 Mei – Jordania
- 20 Mei – Reitz

Op 20 Mei het Hoërskool Reitz die Mini-netbal toernooi aangebied. Daar was meer as 450 dogtertjies wat deelgeneem het. Ons bedank Maritza Oosthuizen wat vir ons die pragtige plakkers gemaak het, asook al die ouers wat 'n finansiële bydrae of borg gegee het, om van die dag 'n groot sukses te maak! Baie dankie vir elke ouer se hulp en entoesiasme gedurende die toernooi en ook deur die seisoen. Julle maak ons hande sterk. Elke middag langs die baan, soms ten koste van uself! Daar is net nie genoeg woorde om ons dank aan u te betuig nie!

Die afrigters was as volg:

0/7: Me. Minnie Terblanche en Monique Peens

0/8: Me. Jolene van Niekerk en Maryke de Jager

0/9: Me. Yzelle de Beer, Erika Benade

Ons bedank ook elke ouer wat altyd bereid is om met vervoer te help. Weet dat dit nie ongesiens verbygegaan het nie.

7.2.4 Hoërskool Rugby

Reitz het 'n baie goeie en suksesvolle 2019 rugby seisoen beleef.

Die jaar het goed begin met die Mortimer Sportdag wat gehou is in Reitz waar al ons spanne in gespeel het. Ons spanne het ook op die Frankfort sportdag gaan speel waar ons 1^{ste} Span 'n baie goeie oorwinning teen Hoërskool Kroonstad (Bloues) behaal het.

In die April vakansie het ons 1ste Span na Port Shepstone toe getoer en hulle was onoorwonne op die toer. Ons 0/15 het in Reitz hulle eie drie dag oefenkamp gehou wat 'n baie goeie leerervaring vir die spelers was.

Die 0/15 rugby span het in die finaal van die Oos-Vrystaat B-liga trofee vasgeval teen Retief Hoërskool.

Die 0/16 rugby span het in die Semi-Finale van die Oos-Vrystaat A-Liga trofee vasgeval teen Retief Hoërskool.

Ons 1ste rugby span het in die Finaal van die Oos-Vrystaat A-Liga trofee vasgeval teen Ficksburg Hoërskool.

Ons sê baie dankie aan ons borge: 0/15-InteliGro, 0/16-Pannar en 1stes Dekalb.

Die volgende spelers presteer:

0/14 Griffons Platteland span na Rhino Week: Jehosua de Bruyn

0/16 Oos-Vrystaat span na VKB Week: Rudi Oosthuizen en Christo Potgieter.

0/19 Oos-Vrystaat span na VKB Week: Bruwer Potgieter, Armant van Deventer en AW Meintjies.

0/19 Living Ball span na VKB Week: AJ van der Sandt, Hannes Lotter, Gert Fourie, Lian Venter, Andries Labuschagne, Archie Mthimkulu, JF Groenewaldt, Armandt Fivaz, Nick Swart en Professor Motholo.

0/19 ITEC Uitnodigingspan na Italië: AW Meintjies, Mnr. Niël Neethling (Afrigter) en Mnr. Uys le Roux (Toerleier).

0/19 7's Uitnodigingspan na Dubai: Bruwer Potgieter, Armand van Deventer en Mnr. Uys le Roux (Toerleier).

0/17 Griffons 7's keurder: Mnr. Niël Neethling

7.2.6 Laerskool Rugby

'n Baie verblydende aspek is die feit dat die Riempies en 0/9 rugbygroep 'n duidelike groei in getalle toon. Die Riempies was bevoorreg om twee spanne op die veld te kon hê. Hulle het ook hul man goed gestaan.

Die 0/9 Rugbygroep het uit 34 spelers bestaan. Hierdie is voorwaar 'n groep waarvan groot dinge verwag kan word.

Die 0/9 groep het 'n oefenkamp bygewoon voor die begin van die sie seisoen, terwyl die 0/1 en 0/13 spanne na Delmas getoer het, gedurende die April vakansie.

Christiaan van der Sandt is opgeneem in die 0/12 Griffons-span.

Baie dankie aan al die seuns wat lojaal was en met toewyding geoefen en gespeel het. Ons kan voorwaar uitsien na die 2020 seisoen. 'n Groot dankie ook aand ie Riemland studiegroep as borg van ons laerskool Rugbytruie, asook al ander borge met sakke ens.

7.2.7 Riempie Rugby

Die Riempie Rugby het vanjaar afgeskop by die jaarlikse Bieliemieliefees. Gevolg deur die opwinding van die liga wedstryde. Dit was 'n baie goeie seisoen met twee spanne, met spelers met baie potensiaal. Die spelers het dit baie geniet en hulle harte uitgespeel. Ons sien baie uit vir volgende jaar se rugby seisoen.

7.2.8 Hoërskool Tennis

Ons het hierdie jaar in die B en C-liga van die O-VS deelgeneem. Die eerstespan seuns het die B-liga gewen en die dogters eerstespan het derde geëindig. Vier van ons spelers is in die Oos-Vrystaat spanne ingesluit. Hulle het die 16 en 17 Augustus aan die Vierhoek Toernooi in Bethlehem deelgeneem. Die betrokke spelers is:

Armant van Deventer, Luan Strauss, Quiriane Charilaou en Wiroeské de Wet

7.2.9 Laerskool Tennis

O-VS Tennis : Ons het weer heelwat spelers wat op die 0/10-, 0/12- en 0/14-ranglys is. Spelers wat nommers 7 – 12 was, het Oos-Vrystaat B verteenwoordig.

0/10: Isak Hills (nr. 11)
Helena Hills (nr. 15)

0/12: Noëline Mathee (nr. 18)
Mariana Swanepoel (nr. 14)
Louise van der Merwe (nr. 15)

0/14: Lisa Hills, (nr. 13)
Juan Theunissen (nr. 11)

Ons 0/11-seuns en meisies het weer aan die 0/11 Inter Africa-toernooi te Bethlehem deelgeneem. Ons eerstespan dogters het ons verteenwoordig by die 0/13- Inter Africa-toernooi.

Ons het twee 0/10-dogters ligaspanne gehad en twee seunspanne. By die Ope spanne was daar 1 seunspan en 2 dogterspanne. Al die spelers het hulle goed van hulle taak gekwyt. Ons is ook baie opgewonde oor ons 34 beginners by die 0/10's.

Ons eerste-dogter span het tweede geëindig in die liga..

7.2.10 Landloop

2019 was voorwaar 'n puik landloop seisoen met baie hoogtepunte. Beslis een van die heel beste landloopseisoene – veral by die jonger atlete was daar 'n beduidende groei in getalle en hul deursettingsvermoë de groei in getalle en hulle deursettingsvermoë tot die einde van 'n lang seisoen. Indien daar na die volgende prestasies gekyk word, kan daar weereens met trots na die seisoen terug gekyk word.

Tydens die eerste gedeelte van die seisoen is 6 atlete gekies om aan 'n Interprovinsiale byeenkoms te Kimberley deel te neem. Hulle is Wilhelm Potgieter; Handro Swart; Gerné Potgieter; Thoriso Mokoena; Janique Peens en Me. Yzelle de Beer.

Tydens die Oos-Vrystaat kampioenskappe (ASA) het ons atlete puik presteer. Die volgende atlete is medalje wenners:

D 0/9 Gerné Potgieter – 1ste
 S 0/11 Wihan Neethling – 1ste
 Vroue (35 – 39): Me. Yzelle de Beer – 1ste
 S 0/8 : Wilhelm Potgieter – 2de
 Senior Vroue: Me. Karien Potgieter – 2de

Twaalf atlete is gekies om die Oos-Vrystaat te verteenwoordig, tydens die Vrystaat Kampioenskappe (ASA). Hulle is:
 Wilhelm Potgieter, Carlo Cilliers, Handro Swart, Leonique Peens, Thoriso Mokoena, Maverick Nagel, Jaques Peens
 Gerné Potgieter
 Janique Peens
 Wihan Neethling
 Aluschka Heymans
 Me. Yzelle de Beer

Tydens die Oos-Vrystaat Skole Kampioenskappe was die volgende atlete medaljewenners:

D 0/9: Gerné Potgieter – 1ste
 D 0/10: Janique Peens – 3de

Vier atlete word opgeneem in die Oos-Vrystaat (Thabo Mofutsanyana) span, naamlik: Gerné Potgieter, Thoriso Mokoena, Maverick Nagel en Janique Peens.

Ons atlete het die beste vir die laaste deel van die seisoen gelos. Tydens die Vrystaat Kampioenskappe (ASA), te Bloemfontein het die volgende atlete puik presteer.

Vroue (35 – 39) Me. Yzelle de Beer – 1ste

S 0/8: Wilhelm Potgieter – 2de
D 0/9: Gerné Potgieter – 4de

Sewe atlete word opgeneem in die Vrystaatspan, wat aan die Suid-Afrikaanse Landloop kampioenskappe te Pretoria (Centurion), op 7 September deelgeneem het. Hulle is Wilhelm Potgieter (S 0/8), Carlo Cilliers (S 0/8), Gerné Potgieter (D 0/9) Thoriso Mokoena (S 0/9), Janique Peens (D 0/10), Wihan Neethling (S 0/11) en Me. Yzelle de Beer (Vroue: 35 – 39)

Tydens die SA Byeenkoms het Wilhelm Potgieter die 1km wedloop, in 'n tyd van 3 minute 26 sekondes voltooi. Hy en die atleet wat eerste geplaas is, het die selfde tyd e behaal. Na 'n briljante wedloop tot by die eindstreep, het die beamptes beslis dat Wilhelm 2de geplaas word. Hy het dus die silwer medalje verwerf. Hy ontvang ook 'n silwer medalje as lid van die Vrystaat 0/8 -span, wat die tweede posisie, tydens die spankompetisie ingepalm het. Hy was die eerste van sy span oor die wenstreep.

Daar kan met groot verwagting uitgesien word na die 2020 – Landloopseisone. Baie dankie aan al die ouers vir die ondersteuning en hulp gedurende die afgelope jaar.

7.2.11 Hoërskool Krieket

Reitz het 'n baie goeie 2017/2018 Krieket seisoen beleef.

Ons spog met 'n baie goeie en jong 0/15 en Eerste Krieket span wat elke wedstryd opgedaag het en hulle beste gegee het. Ons het krieket seuns om op trots te wees. Ons kon ongelukkig nie die uitspeel wedstryde haal nie, maar ons kan uitsien na 'n goeie 2019/2020 seisoen omdat ons 'n baie jong span het!

7.2.12 Laerskool Krieket

Die seuns het hulle goed laat geld op die veld. Op provinsiale vlak word ons deur die volgende seuns verteenwoordig in die Oos-Vrystaat spanne:

0/13A: Juan Theunissen

0/13B: Christiaan van der Sandt

Ons wens hulle 'n voorspoedige seisoen toe. Dankie vir u lojale ondersteuning deur die jaar.

7.2.13 Gholf

Ons Gholf leerders het uitstekend in 2019 gevaar. Ons het in 3 liga wedstryde gespeel op die volgende bane: Bethlehem, Reitz en Clarens. Ons seuns het in al 3 hulle liga wedstryde tweede gekom en ons eindig dus algeheel tweede in die Oos Vrystaat C-liga. Ons sien uit na 'n opwindende 2020 wat voorlê.

7.2.14 Hokkie:

Dié jaar was Hoërskool Reitz omtrent die kaatjie van die baan! Ons spog met hokkie bokkies vanaf Gr. 1 – Gr. 12. Jacolene Fourie was deel van ons afrigting span waar sy behoorlik die dogters “stok”- wys gemaak het. Hoërskool Reitz sien uit vir 2020 se liga deelname!

Elke dag is 'n goeie dag vir hokkie!

7.2.15 Perdry

Megan Haward en Lisa Hills het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Gymkhana Kompetisie. Megan Haward verteenwoordig die Vrystaat span
Cornel Rautenbach het aan die volgende uithouritte deelgeneem, en pragtig presteer:

1. Leandra Uithourit: behaal 'n derde plek.
2. Bethlehem Uithourit: behaal 'n derde plek.
3. Clocolan byeenkoms: vierde plek.

7.2.16 KARATE

Karate: Vir die Karatekas van 2019 het die volgende plaasgevind.

Reitz JKA lede oefen nou onder Harrismith JKA Karate Sentrum in Bethlehem.

23 Maart 2019 – Tydens die *Freestate Karate Federation Provincial Karate Championships, alle style, wat gehou is in Bloemfontein,*

*verwerf **Luan Strauss Goud in Kumite, Goud in Kata** en kwalifiseer om die Vrystaat te verteenwoordig in Durban*

Tydens **23 Augustus 2019** - vind die volgende kampioenskap plaas:

KSA ALLE STYLE – NASIONALE KARATE KAMPIOENSKAPPE te Durban

Die volgende prestasie word verwerf:

Luan Strauss - Goud in Kumite vir Kadette onder 63kg
- **Brons in Kata**

- 8. Voortrekkers:** “As 'n mens iets wil doen, en dit is bereikbaar, dan Kan JY DIT DOEN. Ongeag van wie jy is.” – ons leuse vir vanjaar. Oom Jakkie is lewende bewys daarvan, nadat die oud Voortrekker op sy 77 jarige ouderdom, vir die Voortrekkers die Rol-die-wiele-fietstoer vanaf die Voortrekker Monument tot die Taalmonument oor 2700km afgelê het.

Die jaar 2019 was vir ons 'n heerlike avontuurlike jaar. Ons algemene kennis is verseker verbreed en splinternuwe vriendskapsbande is gesmee, van aangesig tot aangesig – sonder wifi.

Die volgend Spesialisasies was gedurende die jaar verwerf:

Heilbron GGN: 15 – 17 Feb:

- Gr.1 (Selfsorg + Junior Kok):** Stephan Coetzee
Gr.3 (Jnr Paraatheid + Handwerk): Bianca Deminey
Gr.4 (Gasheer/-vrou en Die Kok): Zita Coetzee, Bianca Deminey.
Gr.5 (Boeresport en Sang): Kieta Becker, Wally Deminey.
Gr.6 (Anglo-Boereoorlog) – Adriaan Bonthuys, Hermann Tesner.
Gr.7 (Afrikanerkind): Hierdie is ook 'n belofte kenteken wat in aanmerking geneem word vir die Voorslagtoekenning: Jani de Bruin

Verkenner Gebiedskamp - Herfskamp: 16 – 21 Maart:

- Gr.9 (Kamplewe + Ekologie):** Henkie van Staden.
Gr. 10 (Selfverwesenliking + Diensbare Leier) – Johanné Bonthuys

PD Herfskamp: 22 – 26 Maart:

- Gr. 4 (Plantkennis + Groepspele):** Bianca Deminey
Gr. 5: (Ekosorg + Touwerk): Kieta Becker
Gr. 6: (Spoorsny): Luné van den Berg
Gr.7: (Godsdiens): Jani de Bruin

PD Parys GGN: 17 – 19 Mei:

- Gr.4: (Ruimtewaarneming):** Adrian Venter
Gr.5: (Delwerye): Suné Hills
Gr.6: (Vleilande): Adriaan Bonthuys, Hermann Tesner
Gr.7: (Medemens): Jani De Bruin.

PD Seremoniedag te Parys bygewoon: 1 Junie

Jani de Bruin, Adriaan Bonthuys, Hermann Tesner, Luné van den Berg.

Verkenner Winterkamp: 14 – 19 Junie:

- Gr.9 + 10: (Vuurwapens + Jag en Wildbeheer):** Luke Ellis, Henkie van Staden, Johanné Bonthuys, Megan Byliefeldt.

PD Drakensberg Oord (Ysbeertjie) kamp: 23 – 25 Aug:

- Gr.7: (Voorslag Voorbereiding):** Jani de Bruin
Gr.6: (Sterrekunde): Adriaan Bonthuys, Hermann Tesner en Luné van den Berg.
Gr.5: (Handvaardighede): Kieta Becker, Suné Hills
Gr. 4: (Gestremdhede): Zita Coetzee, Adrian Venter
Gr. 3: (Spookennis): Herman Meintjies, WP Nothnagel.

Verkenner Jeugberaadkamp: 30 Augustus – 1 September

- Gr 9 + 10: (Manne en vroue uit die Bybel + Sang):** Luke Ellis, Henkie van Staden, Johanné Bonthuys, Megan Byliefeldt.

PD Voorslagtoetsing bygewoon (ons trots): 30 Aug – 1 September:

Jani de Bruin

PD GEBIEDSKAMP 21 SEPT – 25 September:

- Gr.4: (Noodhulp en Groot Trek):** Zita Coetzee, Bianca Deminey.
Gr. 5: (Varswaterdiere en Weerkennis): Kieta Becker, Wally Deminey, Suné Hills, Gerhard Tesner.

Gr. 6: (Seremonies + Monumente): Adriaan Botnhuys, Hermann Tesner, Luné van den Berg

Gr. 7: (Veldvernuf): Jani de Bruin

Intussen word daar nog hard gewerk, want daar is nog 'n hele paar onvoltooide Spesialisasies, soos: duik, boogskiet, groepspele, paraatheid en nog ander.

Ouers, u het 'n verpligting teenoor u kind. Rus u kind toe met lewensvaardighede wat hy/sy net by die Voortrekkers kan leer.

9. **Kunswedstryd:** Tydens vanjaar se Kunswedstryd het 15 leerders 'n totaal van 46 simbole behaal (18 x A++, 8 x A+, 7 x A, 5 x B+, 2 x B, 5 x C, 1 x meriete toekenning, 1 x beoordeelaarstoekening vir beste "performance" vir die dag). Ons is trots op elke leerder wat lang ure opgeoffer het om die puik prestasies te behaal.

10. **Koor**
Mev. Marie van den Berg, die begeleidster en hartklop van die koor, se jongste seun, Mnr. André van den Berg is in Januarie 2019, skielik deur die dood van Tannie Marie af weggevat. Hoërskool Reitz betuig sy innige meegevoel met Tannie Marie, met haar groot verlies.

Die koor het Maandae en Woensdae lekker saam gesing en oulike nuwe liedjies aangeleer, wat die kinders heerlik saamgesing het. Ongelukkig het die koor nie vanjaar êrens opgetree nie, en beplan om tydens die jaarlikse Prysuitdeling 'n kort program aan te bied.

Ons bedank mev. Marie van den Berg vir haar liefde en lojaliteit teenoor Hoërskool Reitz.

11. **ATKV-Redenaarskompetisie:**

In 2019 is daar groot belangstelling in die redenaars en Hoërskool Reitz presteer puik. Luné Pretorius en Quiriané Charilaou dring albei deur tot die Vrystaat ronde en behaal plekke onder die top 10.

12. **ATKV-Debat:**

In 2019 kon Hoërskool Reitz vier debatspanne inskryf. Onderskeidelik twee seniorspanne en twee juniorspanne. Die seniorspanne bestaan uit Henco Swanepoel, Carlize de Bruyn en Luné Pretorius en Megan Byliefeldt. Die juniorspanne dring albei deur tot die Vrystaat ronde. Die spanne bestaan uit Carla Fivaz, Luan Strauss, Jehoshua de Bruyn en Patience Mokoena, Sebastiaan Coetzer, Quiriané Charilaou. Voorwaar 'n goeie jaar vir ons debat!

13. **Radikale Kompetisie:**

Die volgende leerders het Hoërskool Reitz ook by die Vrystaat Finaal van die Radikale redenaarskompetisie verteenwoordig: Jani de Bruin (Gr. 7 – eide lees) en Megan Haward (Gr. 7 -)

14. Senekal Redenaarsfees

Sewe van ons het vanjaar aan hierdie prettige fees deelgeneem. Janique Peens (Gr.4) het 'n goue diploma verwerf en 'n prys vir die lekkerste luistertoespraak. Megan Haward (Gr. 7) het ook 'n goue diploma verwerf. Sané Aucamp (Gr.5), Mariana Swanepoel (Gr.5), Zanelle Dorfling (Gr. 6), JG Aucamp (Gr. 3) en Stephan Peens (Gr. 7) het silwer diplomas verwerf.

15. Dink-of-sink:

Ons het weereens die voorreg gehad om drie spanne in te skryf vir die kompetisie. Oranje is ons goedgesind aangesien die kompetisie reëls is dat ons net 2 spanne mag inskryf. Ons is bevoorreg om so baie leerders te hê wat wil groei in debat en wat wil leer om op hulle voete te dink. Luan Strauss het Reitz Hoërskool se naam hoog gehou deur een van die junior pryse te wen vir die beste taalgebruik. Ons panne die jaar was soos volg:

Reitz Blitz Breine: Carla Fivaz, Jehoshua de Bruyn en Luan Strauss

Reitz Flink Dinkers: Henco Swanepoel, Carlize de Bruyn en Anica Wapenaar

Die Reg-Raai-Reitzer: Cahrisla de Bruyn, Gert Fourie en Luné Pretorius.

Al drie spanne was uitstekend en ons is baie trots op hulle.

16. WOW-Spelathon:

Ons het hierdie jaar deelgeneem aan die WOW-Spelathon wat deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied word. In die streeksuitdunne het 7 leerders deurgedring na die Vrystaat kompetisie nl. Quiriané Charilaou (Gr. 8) Zanelle Dorfling (Gr. 6), Alushka Heymans (Gr.10) Megan Kruger (Gr.8) Joanné Neethling (Gr. 8), Henco Swanepoel (Gr. 10), Akhona Mabe (Gr. 6).

Tydens die Vrystaat kompetisie het Johanné Neethling 'n vierde plek behaal en dring deur na die Nasionale kompetisie in "Stellenbosch. Ons is baie trots op die leerders!

17. Vrystaat dans kampioenskappe:

Luné Pretorius behaal die volgende prestasies by die Vrystaat Dans Kampioenskappe in Welkom: Hip Hop - Brons en ICU Hip Hop trofee vir 17 tot 19 jaar.

18. Uitvoerende Kunste

Luné Pretorius neem ook deel aan SA Kampioenskappe vir Uitvoerende Kunste (SACOPA) 2019 in Rustenburg.

Daar was vanjaar 2 800 deelnemers wat onderskeidelik aan ongeveer 15 000 items deur die week deelgeneem het in dans, vokaal, instrumentaal, drama en modelwerk. Daar word slegs 1 Goud, 1 Silwer en 1 Brons per kategorie toegestaan.

Luné ontvang die volgende medaljes in **Dans:**

Tap Solo - Brons

Musical Character Solo	- Goud
Hip hop Duet	- Silwer (saam met Armand Pretorius)
Tap Duet	- Goud (saam met Armand Pretorius)

Luné is dan ook gekies vir die **Suid-Afrikaanse span** wat in Los Angeles by die World Championships of Performing Arts gaan deelneem in die Junie 2020 vakansie.

19. **Eskom-ekspo vir Jong Wetenskaplikes:** Dertien leerlinge het vanjaar aan die TBM Streekskompetisie deelgeneem en pragtig presteer. Hulle het die volgende toekennings ontvang:

Brons: Nicolize Coetzee (Gr. 8) en Wilmari Wessels (Gr. 9)

Silwer: Elouise Snyman (Gr. 7) en Juan Theunissen (Gr. 7)

Goud: Dané Dorfling (Gr. 8) en Guillaume Taljaardt (Gr. 8)
Carla Fivaz (Gr. 9), en Luan Strauss (Gr. 9)

SPEZIALE TOEKENNINGS: Carla Fivaz ontvang toekenning vir die Beste dogters projek van die dag).

Luan Strauss, Carla Fivaz, Dané Dorfling en Guillaume Taljaardt is gekies om Provinsiaal te gaan deelneem aan die Nasionale (ISF) kompetisie gedurende die Oktober vakansie in Gauteng. Dit is 'n uitsonderlike prestasie waarop ons as skool baie trots is. Ons sien met groot verwagting uit na jul uitslae.

Vier leerlinge het vanaf 24 – 27 September aan die Nasionale kompetisie by Birchwood Hotel in Boksburg deelneem aan die 39ste Internasionale Wetenskap Expo-Kompetisie.

Uitslae was as volg:

Dané Dorfling (Gr.8) – “Micro-organisms in daily life”- Brons Medalje

Carla Fivaz (Gr. 9) – “light-en your stress load”-Silwer Medalje

Guillaumé Taljaardt (Gr. 8) – “understanding the effect of routine handling on the health of sheep”

Hy ontvang: die uitstallers toekenning vir “beste projek” + R750 kontant prys.

Hy ontvang ook 'n goue medalje + R750 kontant prys.

Luan Strauss (Gr.9) – The red secret

Hy ontvang 'n trofee vir die algehele wenner in die kategorie, Landbou wetenskappe + R1500

Hy ontvang ook 'n goue medalje + R750-00 kontant prys

Hy ontvang ook Tegnologie en Besigheidskoopbewyse ter waarde van R200 00.00 vanaf TIS (Technology and innovation agency) ter ondersteuning om sy eie besigheid te kan begin met sy projek.

Luan word genomineer vir internasionale onderhoude in Desember en vir Finale keuring om as deel van die Internasionale span gekies te kan word wat in 2020 in verskeie lande aan Expo's gaan deelneem.

Baie geluk met vanjaar se uitsonderlike prestasies van ons EKSPPO deelnemers.

20. **Unisa Musiek:** Quiriané Charilaou (Gr. 8) slaag met lof die Unisa praktiese eksamen Graad 5 en haar naam word weereens op Unisa se **Ererol** geplaas. Megan Haward (Gr. 7) slaag met lof Unisa teorie Graad 2 eksamen.

21. LEIERSKAP

21.1 Laerskool VRL (2020):

Meisies: Zanell Dorfling (Hoofmeisie), Akhona Mabe (Onderhoofmeisie), Noëline Mathee, Mia Peacock en Luné van den Berg.

Seuns: Adriaan Bonthuys (Hoofseun), JW Smalberger, Tiren Swart, Christiaan van der Sandt (Onderhoofseun) en Wihan van der Schyf

21.2 Hoërskool VRL (2020):

Lenese Davel (Ondervoorsitter), Armand Fivaz (Hoofseun), Liza-Lee Jordaan, Johanri Naude, Linelle Oberholzer, Luné Pretorius (Hoofmeisier) wat verkies is.

Die JAAR was daar 'n uitsondering met die Hoërskool VRL as gevolg van getalle. Dit is 'n klein klas met slegs 18 leerders in. Die Beheerliggaam het die finale besluit geneem dat daar slegs ses Gr. 12 leerders op die VRL sal dien en dat daar gestem sal word vir ses ongeag hulle geslag.

23. ANDER AKTIWITEITE

- 23.1 **VKB-Rugbyweek:** Die VKB-rugbyweek is vir die 21ste jaar met groot sukses aangebied. Vanjaar word 'n toer na Italië (0/18) onderneem. Mnr. Uys le Roux (organiseerder), Niël Neethling (spanbestuurder) het die 0/18-span vergesel.

- 23.2 **Joberg2C:** Baie dankie aan almal wat gehelp het om van hierdie fondsinsamelingsprojek weer 'n reuse sukses te maak. Ons wins vir vanjaar beloop **R 319 382** en hierdie bedrag help om ons skoolfonds laag te hou.

- 23.3 **Gholfdag:** 'n Suksesvolle gholfdag is op 6 September deur die Bond van oud-Reitzers aangebied.

- 23.4 **Mielieprojek:** Baie dankie aan die boere wat hierdie mooi inisiatief ondersteun het. Die organiseerders beoog om dit DV in 2020 uit te brei.

- 23.5 **Matriekafskeid:** Dit was weereens 'n skitter geleentheid. 'n Groot dankie aan me. Dené Muller en Therese Fivaz en haar span asook die Gr.11-leerlinge en ouers. 'n Suksesvolle funksie is in die sportkamer vir die Gr.11-ouers deur die Gr.10-ouers, tesame met Juffroue Cornel Stadler aangebied.

- 23.6 **Bond van Oud-Reitzers:** Voorsitter: Mnr. Jors Kriek

Die bond van Oud-Reitzers is 'n groep ondersteuners met die uitsluitlike doel om Hoërskool Reitz op verskillende terreine by te staan veral t.o.v. groei in die aantal leerlinge.

Die Koshuise lê die Bond spesifiek na aan die hart. Die Bond onderneem om die koshuise finansiëel te ondersteun.

Die Bond bestaan uit oudskoliere sowel as enige persoon wat op een of ander wyse positief by Hoërskool Reitz betrokke wil wees. Om lid te word, moet 'n maandelikse debietorder geteken word. Hierdie geld word bedryf deur die bestuur van die Bond van Oud-Reitzers. Die Bond van Oud-Reitzers hanteer die volle administrasie proses rakende die debietorders. Voornemende lede kan slegs die debietorder voltooi.

Lede het die volgende opsies:

- **R100,00** of 'n **groter bedrag van eie keuse** per lid per maand

23.7 Gebedsgeleentheid: Baie dankie aan elke leraar wat getrou elke Maandag die gebedsgeleentheid bywoon.

24. BEDANKINGS

Ten slotte dra ek my opregte dank oor aan die volgende persone en instansies: aan die donateurs van trofee, pryse en beurse, asook al die ander instansies vir u welkome bydraes gedurende die jaar waardeur ons in staat gestel word om 'n beter diens aan die gemeenskap te lewer.

My dank en waardering aan mnr. Francois Swanepoel en die Beheerliggaam vir julle bemoeienis met die skool en die waardige wyse waarop julle ons skool en gemeenskap dien. Baie dankie dat julle altyd 'n oop hand en hart vir die skool het. Julle is ware steunpilare!

Aan die Bestuurspan, dankie vir al julle harde werk, raad en insette. Ek waardeer dit opreg. Dankie ook vir elke personeellid se goeie werk in belang van ons kinders en die mooi gesindheid waarmee julle jul werk doen. Dankie vir al die ondersteuning wat ek van julle ontvang. Julle is 'n pragtige groep mense tot wie ek my graag verbind en met wie ek graag saamwerk.

Dankie aan die ouers van ons leerlinge vir u lojale en volgehoue ondersteuning aan die skool. Baie dankie aan al ons onmisbare borge! 'n Skool funksioneer nie sonder u bydraes nie.

Aan die leerlinge van ons skool, dankie vir die wyse waarop julle die goeie naam en beeld van die skool uitdra en vir die harde werk en opoffering in belang van ons skool.

My dank aan mnr. Christo van Zyl, me. Ria Barnard, Katrina Bester, Minnie Terblanche en al die ander personeel wat met die prysuitdeling en die organisasie daarvan help. Dankie ook vir die taalversorging van die verslag.

25. TEN SLOTTE

Ek hoop dat ek vir u 'n oorsig kon gee oor die werksaamhede van die skool. Dit is onmoontlik om alles te noem. Ek weet dat ons in die toekoms steeds van krag tot krag sal gaan. Met positiewe, gemotiveerde, toegewyde personeel, beheerliggaam, ouers en leerlinge kan ons van die skool 'n nog groter sukses maak, omdat ons glo dat dit wat ons doen, reg en tot voordeel van almal is.

Mag die Here se groot genade oor ons wees. Aan Hom, al die eer en dank uit ons harte.

MNR. UYS LE ROUX
ADJUNKHOOF

Onderwyspersoneel 2019

Mnr. JU Le Roux (Skoolhoof)

Mnr. Christo van Zyl (departementshoof)

Me Ria Barnard

Me Katrina Bester

Me Yzelle de Beer

Me Thelma de Wet

Me Lizé du Toit

Me Laurika Linde (sekretaresse)

Mnr. Niël Neethling

Me Annelie Scholtz

Me Minnie Terblanche

Me Jeanette van den Berg

Me Jolene van Niekerk

Me Hanzi van Zyl

Me. Amelia Zitzke

Me. Una Aucamp (BHL)

Me. Wilma Enslin (BHL)

Me. Charissa Janse van Rensburg (BHL)

Me. Aggie Mostert (BHL)

Me. Dené Muller (BHL)

Me. Chantelle Prinsloo (BHL)

Me. Michelle Schnetler (BHL)

Me. Cornel Stadler (BHL)

Me. Ilana Starke (BHL)

Me. Corli Swart (BHL)

Me. Riana Terblanche (BHL)

Me. Coreli van den Berg (BHL)

Me. Adri van Deventer (BHL)

Nie-onderwyspersoneel 2019

Me Therese Fivaz (BHL - sekretaresse)

Me Lelanie Haward (BHL - finansies)

Mnr. Swartbooi Moira (BHL - skoonmaker)

Mnr. Samuel Makhoba (skoonmaker)

Mnr. Saule Mahamotsa (BHL – skoonmaker)

Mnr. Shadrack Mofokeng (BHL – tuinwerker)
Me. Rebecca Tshabalala (BHL – skoonmaker)
Roselina

Koshuispersoneel 2019

Me. Hanrie Marais (matrone)
Me. Alina Mabe (algemene werker)
Me. Maria Mokoena (algemene werker)
Me. Bettie Mazabuku (algemene werker)
Me. Liesbet Miya (algemene werker)